LAAT DAAR LIG WEES

SEDERT 1920

# STROOM OP

AFRIKAANSE HOËR SEUNSKOOL | UITGAWE 1 | 2026

# Ons spring weg met 'n vaart!



Ethan van Zyl

Foto: Lourens Swanepoel



Kaalvoetdag laat die rande inrol. (Bladsy 7)




Nuwe robothond soek 'n naam. (Bladsy 4)



Valentynsbalvreugde! (Bladsy 7)

Christiaan Brits

# REDAKSIONEEL

## *Volspoed vorentoe!*

2026 was tot dusver soos 'n Witblits tydens aflos – begin met 'n vaart, maar eindig NOG vinniger. Ons het op 14 Januarie met die skooljaar weggespring en die eerste kwart is sowaar reeds verby!

Die twintig Affieraadmanne in matriek was veral vinnig uit die blokke toe hulle die 327 nuwe standerdsesse reeds twee dae vóór die skool begin het op hierdie Plaas wat duisende as hul tuiste beskou, moes verwelkom.

Kort hierna het die res van die seuns met die 2026-hoofstuk van hul Affie-loopbane begin. Vir sowat 300 matrieks is dit natuurlik die lááste hoofstuk. Die meeste ouens sê hulle het nog nooit so 'n vinnige wegspring beleef nie. Die toetsreeks het almal onkant betrap – party manne het nog nie eers kans gehad om hulle hare ná die vakansie te sny nie.

Vir almal is daar darem voordele. Die graad 9's kan uiteindelik die manne met die kruisbande in die oë kyk. Die graad 10's het minder vakke (maar meer werk). Die graad 11's het ingestap in die laaste fase van hul "gewone" lewens, voordat hulle uiteindelik die leiding sal moet neem. En die matrieks stap vir die LAASTE keer vir die EERSTE dag van die jaar deur Redelinghuyspoort.

Net soos die middelafstand-atlete, ervaar elke leerder in Affies egter klaar groot veranderings in tempo. *Stroom-op* is egter één van die dinge by Affies wat nooit sal verander nie. In dié uitgawe probeer ons ons bes om by te bly by hierdie "atleet van 'n jaar" met onder andere al die somersport-soorte, kultuur, leefwyse en ons eerste Paul Roos-interskool.

Net soos 'n Witblits, sal die jaar vir niks of niemand stop nie. Matrieks, geniet elke oomblik van jul laaste jaar. Graad 8's, leer by julle meesters en besef nou al dat die einde van julle jare by Affies julle eintlik reeds in die gesig staar.

Volspoed vorentoe manne!

REDAKSIE
Christiaan Brits (redakteur), Alexander Coetzer Kristensen, James Roets, Callie Visagie, Jay-Dee Nel, Paul-Ralph Smit, Bjorn Pendlebury, Hardus Ferreira, Braden Koegelenberg, Schalk du Toit, Hein Barnard, Gerdus Coetzee, Ettiene Buitendach, Frederick Roux, Ruben Dreyer en Christiaan Jacobs

Bjorn Pendlebury

# *KLEIN trekker = GROOT geskiedenis!*

## *Affies se eie tydkapsule, die Vaaljapie, tot sy volle glorie herstel*



Mnr. Peregrine Joynt is in Februarie vroegoggend met die gerestoureerde trekker verras. By hom is mnr. Tobias Lubbe, wat die projek bestuur het.

'n Stukkie van Affies se geskiedenis het lewe gekry en is ook sommer weer hard aan die werk. Die Vaaljapie-trekker, wat al vir meer as 25 jaar stil en geduldig in die stoor gestaan het, is onder leiding van mnr. Tobias Lubbe, die skool se logistieke bestuurder, deur 'n kundige gerestoureer en tot sy volle glorie herstel.

"Die plan was om die trekker te verkoop, maar toe ek navorsing doen, het ek besef dat dit nie te duur sal wees om die Vaaljapie se leeftyd nog 'n bietjie te rek nie," vertel mnr. Lubbe.

"As jy in die 1950's op 'n plaas in Suid-Afrika sou rondloop, was die kans goed dat jy iewers tussen die mielies 'n klein grys trekker sou hoor brom. Die Ferguson TE20 is net ná die Tweede Wêreldoorlog in 1946 deur die Engelse ingenieur Harry Ferguson ontwerp. Hierdie trekker was Engeland se antwoord op 'n bevolking wat honger was en wat dringend weer moes begin plant en ploeg. In Suid-Afrika het die TE20 gou 'n bynaam gekry – Vaaljapie – waarskynlik oor sy vaalgrys kleur. Dié kleur was glo deels te danke aan oorskot grys verf wat ná die oorlog beskikbaar was. Die Ferguson-trekkers is later gekoop deur Massey, wat weer tot die tweede Afrikaanse bynaam "Meisie Ferguson" gelei het."

# *Mnr. Floris lê sy dirigeerstok ná meer as 20 jaar neer*



Mnr. Floris tydens die optrede van die konsertorkes by UP se middaguurkonsert in 2014.

## *Grondlegger van een van die grootste musiekdepartemente in die land tree af*

*Du Toit Ferreira (oud-redakteur, 2014)*

Met groot oë het ek as graad 6-leerder by mnr. Floris Smith se huis opgedaag vir my eerste klarinetles, min wetend watter impak hierdie onderwyser oor die volgende paar jaar op my lewe sou hê. Deur mnr. Floris het ek my heel eerste blootstelling aan Affies gekry deur aan die einde van my graad 7-jaar saam met die Konsertorkes te gaan kamp. Dit het gedien as die inleiding tot van die beste jare van my lewe!

Mnr. Floris het dadelik my geaardheid verstaan en gevolglik musiek vir my gekies waarmee ek die beste van my vermoëns ten toon kon stel. Hy het my help groei as musikant, maar ook as mens, en het 'n reusebydrae gelewer tot die man wat ek vandag is.

As orkesdirigent het hy een van die lekkerste aktiwiteite wat 'n mens by Affies kan doen, gefasiliteer. Die musiekdepartement wat hy letterlik van die grond af opgebou het, het die lewens van duisende seuns verander. Jong groentjies wat net van rugbyballe en duikslae geweet het, is ewe skielik blootgestel aan 'n wêreld van musiek en kuns en kon vaardighede ontwikkel wat hulle vir die res van hul lewens sal saamneem.

Die voetspore wat mnr. Floris agterlaat, is reusagtig en kan elke dag beleef word in die ongelooflike musiekdepartement wat ek dink 'n mens nêrens anders ter wêreld sal sien nie. Namens alle oud-Affies wil ek sê: Baie dankie, mnr. Floris!

# ... en me. Izet Kleynhans sê ook na baie jare *totsiens*

Na 15 wonderlike jare en talle herinneringe, laat me. Izet Kleynhans 'n onuitwisbare leemte by die Affiekoor, die Wiskunde-departement en die Affie-gemeenskap. Sy was ook vir báie jare organiseerder van LIG (Christen-aksie) by AHS. Me. Kleynhans het vroeg in Januarie 'n departementshoofpos by Hoërskool Garsfontein aanvaar.

Volgens mnr. AJ Maree wat as Wiskundeonderwyser en koordirigent baie nou met me. Kleynhans saamgewerk het, was sy veel meer as net 'n kollega – sy was die 'koormamma' wat op elke kamp en toer met haar absolute omgeehart na die leerders omgesien het. "Juf. Kleynhans het nooit geskroom om die ekstra myl te loop nie – sy was altyd die eerste een daar en die laaste een wat die ligte ná 'n optrede of oefening afgeskakel het om seker te maak alles is afgehandel. In die Wiskunde-departement was sy die rots op wie ons almal kon staatmaak. Haar uitsonderlike organisasievermoë en leiding het beteken dat haar kollegas altyd op haar knoppie kon druk. Hoewel sy as Departementshoof na Hoërskool Garsfontein vertrek, sal haar nalatenskap van harde werk, lojaliteit en moederlike sorg altyd in die gange van Affies weerklink."



Me. Izet Kleynhans groet die Affie-manne op die vierkant.



# *Oud-Affie nou nuwe kommersiële bestuurder*

Die skool het mnr. Gottfried Rautenbach (oud-Affie 2007) in Februarie as die skool se nuwe kommersiële bestuurder verwelkom. Dié knap geoktrooieerde rekenmeester het onlangs met sy gesin van Nederland af teruggekeer en het hope ervaring in die bou en vestiging van volhoubare sakeondernemings.

Mnr. Rautenbach het tydens die 1966-reünie gesê dat dit hier by Affies vir hom voel asof hy tuisgekom het.

# Ons is nou 106 jaar jonk!

James Roets





Die skool het op 28 Januarie 'n eeu en ses jaar oud geword. Nadat al die seuns en personeel vir die jaarlikse foto voor die hoofgebou plaasgeneem het, het almal op die pawiljoen bymekaargekom om die skool se verjaarsdag te herdenk. Die hoof het in sy spreekbeurt weer klem gelê op die skool se ryk geskiedenis. Die balk uit die Jouberthuis is deur die Affieraad ingedra (foto regs) en toe deur die hoofseun, Juan Ferreira aan hom oorhandig. Gedurende die pouse het die massa seuns Lynnwoodweg opgewonde, en danksy al die onderwysers, ook veilig, oorgesteek (foto bo) om dié heerlike geleentheid saam met AHMP te vier.

# MNR. DIRK SE STEM WORD STIL

Paul-Ralph Smit



11 DESEMBER 1958 – 4 DESEMBER 2025

Mnr. Dirk Taljard, 'n groot Affie-legende, is op 4 Desember skielik oorlede. Hy was vir meer as 25 jaar by Affies betrokke en het selfs ná sy aftrede in 2023 steeds 'n groot rol by die skool gespeel.

Hy was met soveel dinge by AHS besig dat dit moeilik is om genoeg erkenning aan hom te gee. Sy liefde vir ons taal, debat, vir argitektuur, die kunste, musiek, fotografie, kookkuns en nog vele meer, het almal geïnspireer. Hy was hoof van die Skakelkantoor en het vir jare verantwoordelikheid vir die publikasies by Affies aanvaar. Hy was debatorganiseerder en -afrigter duisend, was jare gelede een van die stigterslede van die Vierskolekonsert en kort voor sy aftrede ook die medeskrywer van Affies se eeufeesboek.

Bowenal het hy 'n mens dikwels laat lag – iets wat die seuns, sowel as die personeel, altyd geniet het. Die Affie-manne het geweet dat hy die enigste onderwyser by die skool is wat nou en dan 'n rookbreek in sy klas toegelaat het – definitief nie vir húlle nie, maar wel vir homself.

Daar was gereeld vroegoggend 'n gebulder uit die personeelkamer soos wat die personeel vir een van sy kwinkslae of grappe gelag het.

Mnr. Dirk het baie goed met al die seuns in sy klasse klaargekom, behalwe miskien met die krieketspelers, want volgens hom was "die slegste goed wat die Engelse hier na Suid-Afrika gebring het, die konsentrasiekampe en krieket."

Sy stem mag dalk nou stil wees, maar sy invloed sal nog lank in die harte van Affies bly voortleef. Sowat twee jaar gelede is die wisseltrofee vir die beste junior debatteerder na mnr. Dirk Taljard vernoem vir sy monumentale bydrae tot Affie-kultuur.

Sy liefde vir Afrikaans, debat en die geskiedenis het honderde Affies deur die jare geïnspireer en al is hy nie meer hier nie, sal sy invloed voortleef, want by Affies word seuns gevorm tot manne.

Mnr. Taljard laat sy vrou Elsabe, sy twee seuns Louis en Edmund (albei oud-Affies) en twee kleinkinders agter.

# Mnr. Kenneth Holder se natuurfoto in *WEG* gepubliseer!

Frederick Roux

Oud-Affie en personeellid mnr. Kenneth Holder (rekenaarstelsels en oudiovisuele hulpmiddels) het tydens die Julievakansie in 2025 'n ongelooflike foto van 'n jagluiperd wat 'n bok vang in die Krugerwildtuin geneem. Dié uithalerfoto is toe begin vanjaar in die natuurtydskrif *Weg* geplaas.

Mnr. Kenneth was saam met mnr. Berthold Roussouw op die Sweni-pad (S126) in die Krugerwildtuin toe hulle vier jagluiperds gewaar. "Ons het 'n trop rooibokke gesien wat naderstap, maar hulle het gestop en van rigting verander. Ons vermoed hulle het die jagluiperds gesien.

"Skielik het die jagluiperdma op een van die rooibokke afgepyl – haar drie welpies het op 'n afstand gevolg. Die rooibok het probeer ontsnap en het oor 'n boomstomp gespring, maar die jagluiperd het op sy hakke gebly en die hindernis vaardig gesystap."

Volgens mnr. Kenneth was dit die eerste jagtog wat hy probeer afneem het. "Ek het my vinger op die kamera se sluiterknoppie gehou en gehoop die verstellings wat ek vooraf gekies het, werk.

"Die twee het volspoed by ons verbygehardloop. Die rooibok het oor 'n bos probeer spring, maar gestruikel en geval. Die jagluiperdma het die bok gevang en die drie welpies het geduldig gewag totdat sy hulle naderroep."




# TANNIE CAROLINE en haar dogter in top drie op Kokkedoor!

Reuben Dreyer




1920 se tannie Caroline Linde het die hele Affies trots gemaak deur onlangs saam met haar dogter Anel as 'n semifinalis van *Kokkedoor, Son en See*, uit die stryd te tree. Hulle span was bekend as Die Snoepietannies.

Tannie Caroline, wie se seun, Jurie, in 2013 by Affies in matriek was, bestuur die restaurant al die afgelope ses jaar met groot sukses.

Sy sê die Kokkedoor-gogga het haar gebyt toe die "Kokkedoor-stoor" op Struisbaai gebou is, waar hulle vakansie hou.

"Ek het aan ernstige FOMO gely. Ek het gebrand om te weet wat daarbinne aangaan! En siedaar, toe gebeur dit! Dit was 'n wonderlike ervaring en dit het gevoel of al ons deelnemers uit dieselfde agtergrond en huise kom."

Die werk hier by Affies bly vir haar heerlik! "My tydverdryf, stokperdjie en vaardigheid is my werk. Dit is só lekker om tevrede klante te hê! Die beste wat ons al vermag het, was om op een dag tussen verskeie snoepies vir sowat 40 000 mense genoeg te ete en te drinke te kon gee".

KOKKEDOOR SON & SEE

Callie Visagie

# MATRIEKS VAN 2025: HARDE WERK WORD BELOON!

Die matrieks van 2025 kon vanjaar op 13 Januarie hul uitslae by die skool kom haal en vir die meeste van hulle was dit maar 'n stresvolle oomblik toe hulle dié belangrike koevert moes oopmaak.

Die volle 294 graad 12's het egter die Nasionale Seniorsertifikaat geslaag – 96,3% van hulle boonop mét universiteitstoelating. Die groep behaal saam 453 A-simbole, waarvan 71 A+ simbole is (90% of hoër).

Die gemiddeld van die leerlinge, alle vakke ingereken, was 68,5% en 'n volle 37 matrieks het 'n gemiddeld van 80% of meer behaal.

Iddo van Daalen was Affies se toppresteerder in 2025. Hy het onderskeidings in al agt sy vakke behaal en kon spog met 'n gemiddeld van 91,4%.



Die hoof, mnr. Joynt, was ook daar om die matrieks van 2025 geluk te wens. By hom op die foto is Reghardt Schönborn, Markus Booysen, Heinrich Jordaan en Schalk du Plessis.

**AGT** ONDERSKEIDINGS



Iddo van Daalen



Christiaan Burger



Danie Kruger



Nicolas Alberts



Julien du Toit

**SEWE** ONDERSKEIDINGS



Tian Beyers



SE du Toit



Hechter Ferreira



Ruann Fourie



Liam Haupt



Wihan Koster



Riko Lourens



Adriaan Nel

Bjorn Pendlebury

## *Akademiese presteerders wys waarom ons éintlik elke dag skool toe kom!*

Die jaarlikse akademiese prysuitdeling is vanjaar op 4 Februarie gehou en die Affie-manne het hiér erkenning gekry vir hul harde werk en uitstekende prestasies gedurende die 2025-akademiese jaar.

Die toppresteerder in elke graad is ook as 'n Dux-leerder aangewys en dié uitblinkers was Reuben Wolfaardt in graad 8 (93,2%), Ulrick Smit in graad 9 (93,6%), Willem Wethmar in graad 10 (91,4%) en Ivan Pope in graad 11 (94,0%) (foto onder).



*Stroom-op* wou by elk van die slimkoppe weet wat die geheim vir hul akademiese prestasie is.

Reuben Wolfaardt (graad 8) sê sy prestasie begin by dankbaarheid. "Eerstens is dit genade van die Here af. Ek glo ook dat dit baie help om mooi in die klas op te let. As jy die werk verstaan, is dit baie makliker om te leer. Ek dink ook dit is belangrik om deel te neem aan klasgesprekke en vrae te vra wanneer iets vir jou onduidelik is." Reuben neem deel aan atletiek, rugby en krieket en is ook betrokke by die orkes.

Volgens Ulrick Smit (graad 9) kom goeie prestasies nie vanself nie. "Dit is 'n groot voorreg om 'n Dux-leerling van 'n skool soos Affies te wees, maar daar gaan baie ure se harde werk in." Hy glo dat genoeg slaap, goeie tydsbestuur en die regte prioriteite 'n groot rol speel. "Jy moet besef dat een uur agter die boeke belangriker is as een uur op jou foon." Ulrick speel hokkie en tennis, en is ook deel van die kitaarorkes en debat. Hy het ook vanjaar aan die Van Huyssteens Redenaarskompetisie deelgeneem.

Vir Willem Wethmar (graad 10) lê die geheim in volgehoue dissipline. Hy glo dat dit belangrik is om vrae in die klas te vra, gereeld huiswerk te doen en om vroegtydig te begin leer vir toetse en eksamens. Willem het ook sy eie oggendroetine: Hy eet twee eiers en drink 'n koppie koffie om die dag reg te begin.

Ivan Pope (graad 11) sê daar is ongelukkig geen maklike uitweg wanneer dit by voorbereiding kom nie. "Die belangrikste is om konsekwent hard te werk en geen kortpaaie te probeer neem nie." Hy beklemtoon ook dat deursettingsvermoë belangrik is. "As dinge nie altyd seepglad verloop nie, moet jy nie tou opgooi nie, maar aanhou veg." Volgens Ivan is 'n gebalanseerde lewe met gereelde oefening, genoeg slaap en 'n gesonde dieet ook noodsaaklik. Hy neem deel aan hokkie en kleiduifskiet en speel ook in die kitaarorkes.

Braden Koegelenberg

## *Nuwe **ROBOTHOND** 'n inspirasie vir toekomstige Affie-baanbrekers, programmeerders en ingenieurs*

Die skool het onlangs 'n spesiale nuwe Affie verwelkom toe dr. Wynand Beukes (die adjunk uitvoerende beampte van WeBuyCars) 'n Unitree Go2 robothond aan die skool geskenk het. Hierdie gevorderde robothond se nuwe tuiste is die Innovasie- en Tegnologiesentrum, waar seuns die geleentheid sal kry om met moderne tegnologie te werk (en te speel) om sodoende nuwe vaardighede aan te leer.

Die robot is ontwerp om soos 'n regte hond te beweeg en kan loop, hardloop en sy balans hou terwyl dit met behulp van sensors en kunsmatige intelligensie alles in sy omgewing waarneem.

Die seuns sal nou in die Innovasie- en Tegnologiesentrum die kans kry om die robothond te programmeer, sy vermoëns te toets en nuwe idees te ontwikkel. Hierdie praktiese blootstelling help leerders om 'n beter begrip te kry van hoe moderne sagteware, robotika en ingenieurswese bymekaarkom.



Die robothond simboliseer ook die groeiende rol van tegnologie in die wêreld van vandag. Dit is 'n toestel wat veelsydig, aanpasbaar en slim is, en dit bied leerders 'n blik op die toekoms van robotika en tegnologiese innovasie.

Die nuwe robothond het nog nie 'n naam nie en die Affie-manne kry nou die geleentheid om met 'n gepaste naam vir hierdie unieke "skoolhond" vorendag te kom – iets wat sy tegnologiese vermoë en Affie-gees weerspieël.



Dié hond klim selfs trappe! By hom is Francois Joubert (graad 8).

Die skool is baie dankbaar teenoor dr. Wynand Beukes en WeBuyCars, asook mnr. Deon Koegelenberg, BL-lid verantwoordelik vir IKT, vir hierdie inisiatief en ruim skenking. Op die foto links bo is mnr. Koegelenberg en dr. Beukes saam met die hoof, mnr. Joynt.

Voorbladfoto: Quinn Pollard (graad 11), Jacques-Hendri Bouwer (graad 9) en Francois Joubert (graad 8) by die Affie-hond.

## *ONS HOND SOEK 'N NAAM!!!*

As jy kan dink aan 'n oulike nuwe naam vir ons nuwe robothond, maak 'n draai by mnr. Kenny Erasmus in die Innovasie- en Tegnologiesentrum. *Stroom-op* sal die wenner in die volgende uitgawe aankondig!

## AFFIES verwelkom agt nuwe onderwysers



Voor staan me. Lericea Bekker (assistent: Natuurwetenskappe), me. Deryn Dednam (Musiek: saxofoon), me. Leonie Labuschagne (Wiskunde), me. Alyssa Uys (Musiek: klarinet), mnr. Coenie van Niekerk (departementshoof: IGO) en agter is mnr. William Grobler (IGO en LO), me. Bianca van der Merwe (Besigheidstudies) en mnr. Viljoen van Zyl (assistent: EBW en Rekeningkunde). Me. Zydra Hattingh (Geskiedenis), mnr. Derek van der Merwe (Lewenswetenskappe) en me. Carlize Wannenburg (Wiskunde) keer ook vanjaar terug as permanente onderwysers by Affies. Hulle het almal in 2025 as assistente by Affies diens gedoen.

# HARDE OF SAGTE NUUS?

Christiaan Brits




## REDAKSIE *LEER MEER BY MAROELA MEDIA*

Op die foto is mnr. Christo Brits (digitale besigheidsbestuurder by Maroela Media) saam met die redaksie afgeneem. Voor sit Ettiene Buitendach, Frederick Roux, Gerdus Coetzee, Hein Barnard en Hardus Ferreira. In die middel is Alexander Coetzer Kristensen, Christiaan Brits, Callie Visagie, James Roets en Jay-Dee Nel. Agter staan Braden Koegelenberg, Christiaan Jacobs, Paul-Ralph Smit en Schalk du Toit.

Dis altyd 'n voorreg om deur knap, passievolle en professionele mense opgelei te word en op 28 Januarie het die *Stroom-op*-redaksie dié kans gehad. Terwyl die meeste Affie-manne na die skooldag dalk in 'n ekstra klas gesit het, was die *Stroom-op*-redaksie by die Voortrekkermonument om by die grootste Afrikaanse aanlyn mediagemeenskap in die land, Maroela Media, te kuier. Sowat 1,5 miljoen mense lees maandeliks gratis die berigte op die webwerf en toep.

Vergesel deur mee. Annatjie Ferreira en Christelle Mars en mnr. Arnold Cloete (kultuurhoof) het die redaksiespan ná skool blitsvinnig op 'n bus geklim en was, selfs ná 'n kort toer deur die mediahuis se kantore en ateljees, nog betyds om bederf te word met 'n heerlike middagete van roosterkoek en koeldrank.

Mnr. Christo Brits, wat die besoek gekoördineer het, het die redaksie daarna na Maroela se raadsaal geneem, waar mnr. Nico Strydom en me. Leonie Bezuidenhout, twee van die redakteurs by die mediahuis, vir hulle vertel het van die moeite en passie wat in élke berig ingesit word. Die onderskeid tussen harde en sagte nuus is ook bespreek, sowel as die werksaamhede van Maroela Media wat, afgesien van digitale nuus, ook tydskrifte, televisie- en radioproduksies insluit. In dié interessante gesprekke met die seuns is die opvatting dat joernalistiek net 'n "sit en skryf" -beroep is, ook weerlê.

Die redaksie is ná 'n vol, leersame middag boonop elk met 'n geskenkpakkie huis toe.

# *Orkeste* laat waai reeds vroeg in 2026

Hardus Ferreira

Affies se orkeste was kort ná die skool begin het reeds op oefenkampe en het die nuwe jaar só op 'n baie hoë noot begin. Die konsert- en strykorkeste (o.l.v. dr. Jannie le Roux en me. Carmi Viljoen onderskeidelik) se kamp was by Leribisi Lodge en elke orkes het meer as 14 uur se afsonderlike en gesamentlike oefeninge gehad. Die Swing-ensemble (onder leiding van mnr. Braam van Tonder) en die kitaar-orkes (met dr. Thinus Boshoff in beheer) het op hulle beurt hul kamp by die Pure Joy Gasteplaas gehou.

Volgens die jong musikante was die kampe hoogs suksesvol en ook vet pret en álmal is gereed en gemotiveerd om die jaar aan te pak.

Nóg orkesnuus is dat meneer Floris ná twintig ongelooflike jare as orkesdirigent uittree en dat Dok Jannie hom nou opvolg. Dit wil dus voorkom asof die konsertorkes nou maar eenmaal hou van die musikale leiers sonder hare. By die Swing-ensemble en die koor is die teenoorgestelde weer waar, want húlle verkies manne met baie hare. Dit is net 'n jammerte dat mnr. Braam van Tonder sy baard afgeskeer het – hy was Affies se trotse Viking! Ten spyte van dié vreemde haarvoorkeure sien die Affie-musikante uit na 'n vol en suksesvolle orkesjaar.



Dr. Jannie le Roux (nuwe dirigent van die konsertorkes) oefen saam met die tubas. Van links is Luan Claassen, Janrich de Necker en Emile Storm.

# KOORKAMP = KOLOSSALE SUKSES

Alexander Coetzer Kristensen



Die 90 lede van die 2026-Affiekoor het einde Januarie opgewonde per bus na hulle jaarlikse kamp by Achterberg naby Krugersdorp vertrek – die rooidasse se elfde jaar by dié kampterrein.

Die seuns het sowat 20 uur van intensiewe oefening ingesit om hulle nuwe repertorium onder die knie te kry. Verskeie instrumentaliste, wat deel is van die koor, moes ook skouer aan die wiel sit ter voorbereiding van een van die stukke waarin 'n klein strykensemble optree. Te midde van al die harde oefening kon die seuns Sondagmiddag ook 'n bietjie boeresport geniet (foto bo). Teen Maandagoggend het hulle 'n informele konsert vir die kamp se personeel gehou en twee van hulle nuwe liedere gesing.

# *Bloedskenk*

Callie Visagie



Die eerste bloedskenkgeleentheid by AHS was vanjaar op 2 Februarie en die Affie-manne het saam gesorg vir sowat 122 eenhede bloed. Elke eenheid kan tot drie lewens red aangesien bloed in verskillende komponente verdeel kan word. By me. Hannalize Koch (organiseerder) is Liam Geringer (graad 11).

## KORTLIKS

- **DIE VAN HUYSSTEENS REDENAARSKOMPETISIE** het in Maartmaand by Hoërskool Waterkloof plaasgevind en AHS het weer uitstekend gevaar. Die skool kon spog met 'n volle tien spanne in die finaal – vyf hiervan in die kategorie vir Afrikaans, twee in Engels en drie in die Tweetalige afdeling. Tydens die gala-aand op 23 Maart het die graad 9-spanne die Tweetalige sowel as Afrikaanse-afdeling gewen. Die graad 11-span in die Afrikaans-afdeling tree ook as wenners uit die stryd.
- **DIE AFFIE-DEBATSPANNE** het hulle vere vroeg vanjaar reggeskud tydens die debatkamp in Januarie by die Conclave Country Lodge buite Pretoria. Hier kon hulle opleiding kry en begin gereedmaak vir deelname aan die ATKV-redenaarskompetisie, sowel as aan Dink of Sink en ConSpirito.
- Die jaarlikse **SOIRÉE** het op Woensdagaand 25 Maart plaasgevind en was weer 'n toonbeeld van die ongelooflike kultuurdiepte by Affies. Al vier orkeste en die Rooidasse het by dié luisterryke aand opgetree.




Spotprent: Julius Bergh en Frederick Roux

Christiaan Brits

# DIE MAN MET DIE DAS, HOOFMAN JUAN FERREIRA

*Stroom-op* het vanjaar se hoofman, Juan Ferreira, vir 'n ystee en 'n onderhoud voor 1920 ontmoet en hom 'n paar vrae gevra.

**WAAR KOM JY VANDAAN?**
Ek is eintlik gebore in Engeland. Ons het in Romford, Essex, gebly. Toe ek twee jaar oud was, het my ouers besluit dat hulle my nie in Engeland wil grootmaak nie en toe trek ons terug na Suid-Afrika. Ons bly sedertdien in Centurion.

**WAT IS TOT DUSVER VIR JOU DIE HOOGTEPUNT IN JOU HOËRSKOOLLOOPBAAN?**
Ek sou sê daar is twee dinge. Die eerste hoogtepunt was toe ons matriekrugbyspelers in 2022 vir Paarl Gim op Boereplaas gewen het, veral nadat ons so ver agter was. My tweede hoogtepunt is beslis toe ons verlede jaar die KoshuisDorp-rugbywedstryd gewen het. Ek was as binnesenter op die veld saam met 'n ou soos Dehan Muller op buitesenter. Dit was net 'n ongelooflike ervaring.

**WAT IS JOU PLANNE NA SKOOL?**
Ek wil graag BComRek by Stellenbosch of by Tuks gaan studeer. Ek wou aanvanklik na die Britse weermag toe gaan, maar ek dink nie dit gaan meer realiseer nie.

**WAT BETEKEN AFFIES VIR JOU?**
In my hoofleiertoespraak het ek dit ook gesê – Affies is eintlik vir my álles. Dit is nie net 'n skool nie, of soos ouens sê, 'n leefwyse nie, maar 'n plek waar ek die Here nóg beter kon leer ken.

**WAT WIL JY HÊ MOET JOU NALATENSKAP BY AFFIES WEES EN WAARVOOR WIL JY ONTHOU WORD?**
Ek wil onthou word as iemand wat eg was. Iets wat dikwels onder hedendaagse leiers gesien word, is 'n gebrek aan opregtheid. Ek wil graag onthou word as iemand wat die dinge doen wat ek gesê en onderneem het.

**WATTER BOODSKAP HET JY VIR DIE STANDERD SESSE VAN 2026?**
Ek dink my boodskap aan hulle is om nooit op te gee nie. Affies is 'n ongelooflike skool, maar dit is vir seker 'n plek waar daar baie kompetisie is. As jy egter deurdruk met dít waarmee jy besig is en nooit opgee nie, sal jy uiteindelik die vrugte daarvan pluk. Daar is sóveel geleenthede wat op jou wag as jy by Affies volhard.

**WATTER SPESIFIEKE AFFIE-TRADISIES SOU JY WEER WIL TERUGBRING?**
Ek dink die een waar al die graad 8's moes gaan sit wanneer die trein verbykom. Ek weet dit is baie onprakties, maar dit sal nogal snaaks wees om te sien hoe die standerd sesse platval elke keer as hulle die trein hoor of sien.

**WIE WAS JOU ROLMODEL BY AFFIES EN WAT HET JY BY HOM GELEER?**
Righardt Pretorius, ons koshuishoofseun toe ek in graad 9 was. Hy was 'n ongelooflike mentor vir my. Hy het my dikwels blootgestel aan die Here en die Woord van God. Daarvoor sal ek hom ewig dankbaar bly.

**AS JY VIR GRAAD 8-JUAN RAAD KON GEE, WAT SOU JY VIR HOM SÊ?**
Ek sou vir hom sê om 'n bietjie sement te eet en hard te word. Iets wat ek eers later geleer het, was om uitdagings aan myself



te stel, veral met goed soos debat en redenaars. Ek het in standerd 6 'n baie klein vriendekring gehad en het nie met baie mense gepraat nie – ook in die klas was ek stil. Ek wens ek het eintlik van vroeg af meer selfvertroue gehad.

**WAT IS JOU GUNSTELINGDING OM BY 1920 TE BESTEL?**
'n Ham-en-kaas-broodjie met chips, 'n ystee, 'n Powerade of 'n bottel water.

**AS JY VIR 'N DAG DIE HOOF VAN AFFIES WAS, WAT SOU JY VERANDER?**
Ek sou, soos op 'n Vrydag voor Paarl Gim of Grey Kollege, reël dat ons die héle Vrydag af het om gees te vang. Ons kon dan byvoorbeeld 'n "touchies-toernooi" hou!



Christiaan Jacobs

# Veldskool *vat Vlam!*

As jy dink aan 'n igloo, is bosveld, tafels bou, braai, potjiekos maak en skiet waarskynlik nie jou eerste gedagte nie, maar vir die graad 9's van 2025 is dit beslis nie vreemde konsepte nie.

Dié groep was van 1 tot 5 Desember op die Doornkloof Voortrekkerplaas naby Lindley vir die jaarlikse graad 9-veldskool. Een van hulle eerste uitdagings was om hul eie tafels te bou. Alhoewel sommige tafels net-net staande gebly het, het die meeste spanne hulself goed van hul taak gekwyt en kon hulle 'n heerlike potjiekos-middagete daarop geniet.

Die veldskool het ook die innerlike kryger in die manne wakkergemaak. Met pyl-en-boog en met verskeie vuurwapens in die hand kon daar na teikens, gongs en kleiduiwe geskiet word. Die manne het in die proses nie net geleer hoe 'n geweer werk nie, maar ook watter veiligheidsmaatreëls gevolg moet word.

Die hindernisbaan was waar ware karakter getoets is. Van touklim tot modderkruip het almal elke uitdaging vasberade (en soms gly-gly) aangepak. Die bane het nie net fisieke vermoë vereis nie, maar ook spanwerk en deursettingsvermoë.

Ten spyte van al die rowwe, opwindende en moeilike situasies, het die seuns elke oggend 30 minute stiltetyd gehad. Elkeen kon só tyd saam met die Here deurbring en ook bewus raak van al die klein dingetjies in die lewe wat 'n mens moet raaksien en waardeer.

Die graad 9-veldskool was waarlik 'n onvergeetlike ervaring vir elkeen wat daar was. Afgesien van die vaardighede wat hulle aangeleer het, het dit die groep ook nader aan mekaar gebring en hulle gereedgemaak om hul rol as deel van die seniorgroep hul plek by Affies vol te staan.



Ettiene Buitendach

# ‘N *“LOVEQUAKE”* TYDENS POUSE ...



Valentynsdag is vanjaar op Vrydag die dertiende by AHS gevier en dit was beslís nie net ’n gewone pouse nie – dit was Valentynsdagmalheid met die meisies wat hier kom kuier het.

Die veld was vol rooi en pienk rose wat oral rondgedra is en ouens wat skielik baie senu-weeagtig gelyk het. Party het “smooth” probeer wees met hul sjokolade en kaartjies, terwyl ander gehardloop het asof die klok amper gaan lui. Daar is baie gelag en foto’s geneem en onge-maklike oomblikke met vrotsige “pick-up lines” was volop. Teen die tyd wat die klok gelui het, was daar minder geld in die beursies, meer foto’s op fone en baie stories om oor te praat. Vreemdste pouse van die jaar? Heel moontlik.

Hardus Ferreira

# Groot *makietie* op dag van liefde!

Affies se Valentynsbal het vanjaar saamgeval met Valentynsdag en vir almal wat gelukkig genoeg was om ’n kaartjie te kry, was dit ’n groot jolliefikasie. Die energie was op ’n heel ander vlak en met Sir Kevin as platejoggie (“DJ”) was die dansbaan behóórlik aan die brand.

Aan die einde van die funksie het die graad 8- en 9-kelners en ons koordirigent ook die dansvloer betree en ‘n mens kon dadelik sien dat mnr. Maree JARE se ondervinding het!



Jay-Dee Nel

# ’n *NUWE GESLAG* jongmanne by Affies ingeburger



Meester Dehan Botha vertel vir sy groep graad 8’s meer oor die simboliek en tradisie van muurstoot.



Leroux Wilken en Alexander Venter

Vir elke Affie begin die reis op dieselfde manier: met ’n tree tussen die rooibak-steenmure en ’n mengsel van opgewondenheid en onsekerheid. Vanjaar was dit nie anders nie toe die graad 8-leerders vir die eerste keer by die skool instap — baie met bang gesigte, onseker oor wat voorlê en wat van hulle verwag gaan word.

Op 11 Januarie het die koshuisbrakke deur die Redelinghuÿspoort-hek ingestap, gevolg deur die dagskoliere op 12 Januarie. Dit was die begin van ’n nuwe hoofstuk waar die jong seuns hul eerste tree in die wêreld van Affies gee. Hier begin hulle leer wat dit werklik beteken om ’n Affie te wees — van die skool se maniere en tradisies tot die herken van hul meesters wat hulle deur die jaar sal lei.

Van 17 tot 19 Januarie het die graad 8’s hul eerste groot ervaring van Affies beleef tydens die graad 8-kamp by Zwartkloof. Hier het hulle nie net mekaar en hul meesters beter leer ken nie, maar ook begin om die liedjies van die skool te leer en die eerste bande van ’n nuwe broederskap te vorm.

Vir die matriek Affieraad was hierdie tyd ook ’n herinnering aan hoe vinnig die jare verbygaan. Baie van hulle het besef hoe die tyd verloop het — hoe hulle eens self as graad 8’s ingestap het, en nou in die skoene van hul eie meesters staan.

Teen die tyd wat die leerders ná die kamp by die skool opgedaag het, het baie van die onsekerheid plek gemaak vir ’n beter be-grip van wat die skool is en wat van hulle verwag word.

Op 26 Januarie is hulle amptelik ingehuldig as ware Affie-manne — ’n belang-rike mylpaal in hul skool-loopbaan.

Die ware betekenis van daardie pet op hul koppe en die das om hul nekke sal hulle egter eers jare later ten volle besef. Met tyd sal hulle verstaan wie en wat hulle verteenwoor-dig wanneer hulle daardie Affie-kleure dra, en op hul laaste skooldag weer vir ‘n laaste keer deur daardie hek stap, maar as ‘n man.

Een ding bly egter altyd waar: bly altyd die Affie-manne wat ons julle geleer het om te wees, lewe met liefde en respek.

Hein Barnard

# *Affies* smul aan tradisie

Melktertdag – ’n dag wat altyd met groot vreugde by die skool gevier word, het vanjaar op 25 Februarie plaasgevind. Sonder skoene (as gevolg van Kaalvoetdag) en met ’n mondvol melktert was die hele week se probleme summier iets van die verlede.

Die ma’s het gesorg vir sowat 600 melkterte en daar was sóveel van die lekkerny dat Affies dit ook kon deel met die leerders van Laerskool Generaal Nicolaas Smit en Bramley Kinderhuis.



Joshua Fourie, Kale Pienaar en Hendrik le Roux

## *... en geniet alles boonop* **kaalvoet**



Affies het met die vrolike kaalvoetdag op 25 Februarie meer as R40 000 ten bate van CHOC en Alma Skool ingesamel. Die geleentheid was nog méér feestelik omdat dit met Melktertdag saamgeval het.

Schalk du Toit

# ANDRU TRAP MEER AS *2 800 km* VIR VIR JONG KANKERLYERS



Die kankerdiagnose van 'n graad 8-leerder by Affies het verlede jaar se hoofseun en *Stroom-op*-redakteur, Andru van Zyl, só aangegryp, dat dit hom gemotiveer het om vir Childhood Cancer Foundation South Africa (CHOC) met sy fiets van Polokwane in Limpopo tot in Kaapstad te ry.

Sy eerste skof het op 16 Desember in sy tuisdorp begin en die aand by die Loskopdam geëindig. 'n Paar dae later het Andru en sy span tot by Middelburg gery, waar hulle amptelik in Mpumulanga verwelkom is. Ná nog 'n skof is Standerton bereik en die Vrystaat was volgende op die lys. Andru het deur Harrismith gery en daarna kon hy Kersfees op Fouriesburg deurbring. Andru sê hulle het die nuwe jaar gevier deur Smithfield binne te ry, die laaste dorp in dié provinsie. "In hierdie stadium het ek reeds meer as 'n 1 000 km afgelê en die volgende mikpunt was Nieu-Bethesda in die Oos-Kaap. Om hier uit te kom het twee dae geduur en daarna was Graaff-Reinet op die lysie."

Andru en sy span het in die volgende week in Jeffreysbaai aangekom en het Mosselbaai en die Wes-Kaap in die middel van Januarie "binnegetrap". Nadat hy in Swellendam gerus het was net die Paarl tussen hom en Kaapstad. Teen dié tyd is, ver bo verwagting, reeds sowat R500 000 ingesamel.

"Toe ek die Kaap en Tafelberg vir die eerste keer sien, was ek só opgewonde! Ek het van my fiets afgeklim en op en af gesping van blydskap!" sê Andru. "Op 22 Januarie 2026, ná 37 dae en meer as 2 800 kilometer, het ons in Seepunt aangekom!"

Talle ondersteuners het gedurende die tog tussen dorpe en stede by hom aangesluit en die jong kankerlyer, wat hom só geïnspireer het, het die laaste skof saam met die span voltooi. Die veldtog wat begin is om R20 000 vir CHOC in te samel, was uiteindelik só suksesvol dat daar meer as R700 000 aan die organisasie geskenk kon word.

# Tennisspeler *Danie Visser* besoek die skool

Die merkwaardige oud-Affie Danie Visser (matriek 1979) het die skool einde Februarie besoek en het van sy trofeë en memorabilia wat hy as professionele en internasionale tennisspeler gewen en versamel het, aan Affies se argief geskenk.

Mnr. Visser het aan *Stroom-op* vertel dat hy ná matriek mediese keuring by Tukkies gekry het en dat hy aanvanklik beplan het om ná sy diensplig in die Suid-Afrikaanse Weermag te gaan studeer om 'n dokter te word. Sy tennisloopbaan het egter momentum gekry en hy het professioneel begin tennis speel. Danie het internasionaal veral as dubbelspelspeler uitgeblink en was in 1993, saam met sy spanmaat Laurie Warden, die mans-dubbelspelkampioen by die Australiese Ope. In die 15 jaar wat hy gespeel het, het hy wonderlike herinneringe opgebou en skouers geskuur met spelers soos Björn Borg, John McEnroe en Jimmy Connors en later ook met Ivan Lendl, Boris Becker en Stefan Edberg. Nóg later het Pete Sampras and Andre Agassi sy pad gekruis.

Mnr. Visser het vir 17 jaar in die VSA gebly en het na Covid in 2021 na Suid-Afrika teruggekeer waar hy by afrigting betrokke is.



Mnr. Danie Visser saam met Lourens Swanepoel (kaptein van die eerste tennisspan)

Jay-Dee Nel

# *Oud-Affies sit* **Witkolwe** *ore aan*



Die jaarlikse kragmeting tussen die oud-Affies en Affies se eerste krieketspan het op 1 Februarie plaasgevind en het net weer gewys waarom dié wedstryd 'n hoogtepunt op die skool se sportkalender is.
Die atmosfeer langs die veld was tasbaar met toeskouers wat braai, kuier en hul gunstelingspan luidkeels ondersteun het.

Die oud-Affies het eerste gekolf en 'n indrukwekkende telling van 223 lopies vir 4 paaltjies op die telbord geplaas. Met ervare houe en slim kolfwerk het hulle die jonger span onder druk geplaas en 'n stewige teiken gestel.

Toe die eerste span aan die kolf kom, het die oud-Affies se boulers egter hul ervaring laat geld. Die druk het geleidelik opgebou en die Witkolwe is uiteindelik vir 180 lopies uitgehaal.

Die wedstryd het dus geëindig met 'n 43-lopie-oorwinning vir die oud-Affies. Met dié sege het die outoppies die eerste span weereens ore aangesit en bewys dat ervaring en skooltrots stééds 'n kragtige kombinasie is.

Die dag was nie net 'n heerlike sportgebeurtenis nie, maar ook 'n viering van Affies-gees, kameraadskap en die band tussen oud en jonk.

## IN MEMORIAM



Mnr. Johan Hartman (oud-Affie 1966, vorige beheerliggaamvoorsitter en bekende boer van Roedtan) is op 14 Januarie skielik oorlede.

Hy het sy tweelingseuns, Christiaan en Rudolph in 2010 by Affies ingeskryf en hy was van toe af nou by AHS betrokke.

Hy het 'n groot liefde vir musiek gehad en in die tyd wat hy op die beheerliggaam gedien het, is die Kunstekampus gebou, wat ongelooflike waarde tot die skool toegevoeg het.

Tydens sy eerste termyn as voorsitter van die beheerliggaam het hy die volgende stelling gemaak: "Dit is ons roeping om te dien tot voordeel van die Affie-gemeenskap en veral tot voordeel van ons kinders"

## REÜNIEGANGERS KOM KUIER OP DIE PLAAS

Affies het vandat die skool in Januarie begin het, reeds verskeie oud-Affiegroepe by die skool verwelkom.

Die Jaarverteenwoordigerbraai vir oud-Affies het eerste plaasgevind, met oud-Affies van 1950 tot 2025 wat kom kuier het. Kort hierna, op 20 Februarie, was die reünie vir Affie-legendes aan die beurt en op 13 Maart is die 1966-matrieks hier ontvang.



Almal kon heerlik saamkuier en terugdink aan hulle dae by hul alma mater.

*Op die foto is mnre. Paul Maré en Louis Zietsman wat in 1952 saam in matriek was, by die reünie vir Affie-legendes.*

# Nuwe hoogtes vir AFFIE-KRIEKET!

Jay-Dee Nel

Affies se krieket beleef 'n goue jaar. Die skool se 14A-, 15A-, tweede en eerste krieketspan het hul onderskeie afdelings in die Pretoria-liga gewen. Hierdie prestasie wys duidelik dat die stand van Affie-krieket tans op alle vlakke uiters gesond is.

Hierdie stelling word verder bevestig deur die eerste span se indrukwekkende vertoning in die SA20 Schools Toernooi, waar hulle hulself teen van die beste skoolspanne in die land kon meet.

'n Groot rede vir hierdie verbetering is die verhoogde fokus op spelerontwikkeling in die krieketprogram. Volgens mnr. Pieter Cronjé (hoof van Krieket by AHS) word daar deur middel van die Pacelab-program veral baie aandag aan boulwerk gegee, wat daarop fokus om snelbouler-tegniek, spoed en konsekwentheid te ontwikkel. "Hierdie gestruktureerde benadering help om boulers sterker en meer effektief te maak," sê hy.

Die krieketspelers het 'n uitstekende seisoen in Februarie 2026 afgesluit met 'n toer na die Kaap. Die eerste span, 15A en 14A het teen Paul Roos Gimnasium, Wynberg Boys' High en Rondebosch Boys' High gespeel en het onoorwonne teruggekeer.

Met die manne wat tans in die afseisoen hard werk om hul spel te verbeter, is daar groot opgewondenheid oor wat hulle in die komende seisoen kan bereik. As die huidige momentum enige aanduiding is, kan Affie-ondersteuners uitsien na nóg 'n jaar van uitstekende krieket en groot prestasies.



Foto: Juan Hoon



Frederick Roux

# SWEMMERS WYS DEURSETTINGSVERMOË

Foto: Jadon Maartins

Die afgelope seisoen was vir die swemmers uitdagend. Die kompetisie was vanjaar sterker as ooit, maar die swemmers het deurgedruk en waarlik "Affie-guts" gewys.

Die Witvinne het vroeg in Februarie na Durban vertrek om aan die Nestor Pierides Herdenkingsgala by Westville Boys High School deel te neem. Skole van regoor die land neem jaarliks aan dié gala deel wat in aflosformaat geswem word. Affies eindig sesde uit die twaalf spanne.

Met hul terugkeer die volgende oggend het die swemmers sommer ook aan die Midmarmyl, die wêreld se grootse oopwater-swembyeenkoms, deelgeneem. Ethan Maartens (graad 11) was eerste uit die dam met 'n ongelooflike tyd van 21 minute en 14 sekondes! Ná hom was Marc Janse van Rensburg (graad 8) met 'n tyd van 23 minute en 24 sekondes. Die derde Affie uit die water was Milan Crowther (graad 11) en vierde mnr. Ferdinand Postma. Mee. Cheri Horn en Ingrid Mulder het vanjaar óók die Midmar kafgedraf.

Die span het hierna ook aan die Pretoria A-Interhoër en Johannesburg Interhoër deelgeneem, waar die swemmers by albei byeenkomste vierde geëindig het.

Die B-span het op húlle beurt aan die Pretoria B-Interhoër deelgeneem en uitstekend presteer. Hulle eindig tweede – net ná Pretoria Boys High School. Jan-Louw Koch (graad 9) wen die trofee vir die beste juniorswemmer.

Die Affie-swemmers het na afloop van die swemseisoen hulle interne prysuitdeling gehou en die toekenning vir die beste swemvertoning het gegaan aan die o.19-span wat by die Pretoria Interhoër die vryslagaflos gewen het. Ruan Engelbrecht (graad 12) het die leierskapstoekenning verower en Lukas van der Merwe (graad 8) is aangewys as beste nuweling. Die prys vir die beste oopwaterswemmer is aan Ethan Maartens (graad 11) toegeken.

Volgens me. Ingrid Mulder het vanjaar se span die beste dissipline en algemene ingesteldheid gehad wat sy nóg gesien het. "Hierdie groep kan hoë hoogtes bereik, maar almal sal moet weet dat dit tyd en moeite sal vereis."

# Witsnare her-"span" die geskiedenis

Paul-Ralph Smit

Wanneer 'n mens talent, harde werk en 21 jaar se tradisie saamvoeg, kry jy 'n geskiedkundige vierde plek by een van die voorste tennistoernooie in die land.

Die Witsnare het onlangs in Stellenbosch gaan kuier en by Paul Roos Gimnasium aan die 21ste Gerrie Berner Tennistoernooi deelgeneem. Uit 12 sterk skole behaal die Snare 'n indrukwekkende vierde plek – die beste wat ons nog óóit in hierdie toernooi gevaar het.

Soos tradisie dit verder vereis, het die manne ook vir die twintigste jaar agtereenvolgens op die plaas La Provence naby Franschoek gebly. Hier het hulle weer geleentheid gekry om voor te berei én om terselfdertyd ook te fokus op meer as net tennis.

In die groepfase van die toernooi het die Snare drie uit hul vyf wedstryde gewen en vir die semi-finaal gekwalifiseer. In dié rondte het hulle teen die gasheerskool, Paul Roos Gimnasium, vasgeval. Tydens die uitspeelwedstryd vir derde en vierde plek het AHS die onderspit gedelf teen Westville Boys High en eindig só in die vierde plek.

Nóg 'n hoogtepunt vir Affie-tennis was dat Lourens Swanepoel en Wihan Snyders (albei in matriek) in hul enkelwedstryde onoorwonne was.



Van links staan Anrich Mörs, JP Snyman, Emile Labuschagne, Lourens Swanepoel, Stefan van der Merwe, Gustav Trümpelmann en Wihan Snyders.

# KOSHUIS maak skoonskip by huissport!

Die jaarlikse atletiek-interhuis saam met AHMP was vanjaar op 16 Januarie en het weer vir groot pret gesorg. Koshuis het as oorwinnaars uit die stryd getree, met die Koedoes en die Elande onderskeidelik tweede en derde. Die Hartbeeste was vanjaar aan die verloorkant.

Ook wat die geesbeker betref, het Koshuis koning gekraai en hulle dirigente is ook aangewys as die beste dirigentegroep.

Koshuisbrakke Jean Fivaz en Reubenne Vlok is as seunsdirigente van die dag aangewys.



Lihan Engelbrecht, Jean-Benn van Deventer, Jaco du Bruyn en Nicholas Lebusa

## KORTLIKS

- Sestien skaakspelers het op 20 en 21 Februarie aan die Grey Kollege Uitnodigingstoernooi in Bloemfontein deelgeneem. Die toernooi is oor vyf rondtes beslis en nie minder nie as 32 hoërskole van regoor die land het in drie afdelings meegeding. AHS se twee A-spanne eindig agtste in hulle onderskeie afdelings. Henri van Wyk het vier uit sy vyf wedstryde gewen en is die Affie wat die beste by die toernooi gevaar het.
- AHS se eerste tafeltennisspan is einde Februarie bekendgemaak en me. Erika Swanepoel het die spelers se splinternuwe spandrag tydens 'n geleentheid in die Scoutsaal aan hulle oorhandig.



Gerdus Coetzee

# NOG 'N ONVERGEETLIKE *ATLETIEKSEISOEN* AGTER DIE RUG!


Foto: Luan de Jager

Martin van Niekerk (graad 12) in aksie

Elke goeie ding kom tot 'n einde en net so kon die Affie-atletieksseisoen ook nie vir altyd aanhou nie.

Op Woensdag 4 Maart het die atlete hulle laaste skoot by die Super-interhoër hoor klap. En wat 'n onvergeetlike seisoen was dit nie! In mnr. Jan Grabie se woorde: "Die sukses van die atletiekseisoen kan aan twee dinge toegeskryf word – die Affies se ongelooflike veggees en die feit dat dit 'n spanpoging duisend was."

Nie net het die Affie-atlete presteer by byeenkomste soos Nelspruit en Noordheuwel Top 15 nie, hulle het ook vir nóg 'n jaar met 'n oorwinning by die Pretoria A-bond weggestap. Dewald Roodt, 'n Affie-diskus-en gewigstootatleet, sê vanjaar se interhoër was vir hom ongelooflik! "Dit was nie net die atlete wat gebloei het vir Affies nie, maar ook die Affie-leerders wat op die graswalle gesing en geskree het met die ossewa op hulle bors. Die gras was tóé onder die rooi, geel en groen en dit het vir die res van die skare 'n kykie gegee van Affies se gees, trots en tradisie."



# *Withaaie* DODELIK *akkuraat in beste seisoen ooit!*

Foto: Sihan Leach

Frederick Roux

Die afgelope waterpolo-seisoen was een van die beste wat die Withaaie nog ooit gehad het. Hulle het nie een nie, nie twee nie, maar ál drie hulle belangrikste toernooie gewen. Hulle eindig tweede in die land – maar natuurlik nie sonder 'n klipharde stryd nie.

Die eerste toernooi was van 29 tot 30 Januarie by Grey Kollege, waar hulle uitstekend presteer het teen skole uit Gauteng, KwaZulu-Natal en die Vrystaat. Die Withaaie het teen elke span by die toernooi gespeel en het uiteindelik in die finaal gemaklik met 'n telling van 12-6 met KES afgereken.

Die tweede toernooi was veral spesiaal aangesien AHS by ons vriende oorkant die treinspoor (PBHS) kon gaan kuier om hulle 125ste bestaansjaar te vier. Daar het agt spanne deelgeneem – almal uit Gauteng – behalwe vir Maritzburg College wat uit KwaZulu Natal hierheen gereis het. Vir die eerste keer in die geskiedenis van Affie-waterpolo het AHS die eerste span van sowel St Stithians as St John's geklop. Volgens mnr. JC Tribelhorn (afrigter van die Withaaie) het die manne op hulle heel beste gespeel. "Dit was ongelooflike spel met hope spanningsvolle oomblikke. Affies wen St Stithians 7-7 in die kwarteindrondte en vir St John's in 'n "penalty shootout" met 6(2)-6(0)."

Die laaste toernooi van die seisoen was die Reef Cup by St Stithians. Twintig spanne uit skole regoor die land was betrokke en daar was selfs 'n skool uit Zimbabwe wat deelgeneem het. Affies eindig eerste in hul groep en verslaan Michaelhouse 8-3 in die finaal.

"Dit was 'n uitstekende seisoen vir die Withaaie – hulle het hulself oor en oor bewys," sê mnr. Tribelhorn. "Die span is beslis reg vir enigiets wat na hulle kant toe kom en ons sien reeds baie uit na die volgende seisoen."

Christiaan Brits

# *Trotse tradisie teen* **Paul Roos** *voortgesit*


So herleef 'n tradisie … Affies het in 2007 hul laaste interskoolbyeenkoms teen Paul Roos Gimnasium gehad, maar op 20 en 21 Maart 2026 het dié geleentheid weer vlamgevat toe sowat 450 rugby- en 270 hokkiespelers die vliegtuig Kaap toe gehaal het.

Die eerste wedstryde van die naweek het reeds Vrydag plaasgevind toe ons hokkiemanne op Maties se hokkievelde krag teen krag teen Paul Roos te staan gekom het. Die ouens het hul harte uitgespeel, maar dit was hierdie keer nie genoeg nie. Al 17 hokkiespanne moes uiteindelik die knie buig teen hulle teenstanders. Die Witstokke het 'n goeie vertoning gelewer, maar uiteindelik het die ouens in maroen die laaste sê gehad en die Witstokke met 4-2 oorrompel.


Fourie Roberts

Die rugbytelling was meer in Affies se guns. Uit 31 wedstryde wen AHS 19, speel in twee gelykop en verloor slegs 10. Die hitte in Stellenbosch het dit beslis nie makliker gemaak nie, maar die manne wys ware Affie-guts in dié omstandighede.

Die telling van die Witbulwedstryd is ongelukkig nie 'n ware refleksie van die kwaliteitrugby wat gespeel is nie. Die Witbulle het vroeg voorgeloop maar die halftydtelling was 'n taai 24-11 in Paul Roos se guns. In die tweede helfte het Affies sterk terugbaklei en die telling vinnig verander na 'n eenpuntverskil van 23-24. Daarna verloop die wedstryd in die tuisskool se guns en Affies verloor die wedstryd 45-28.



# *EMIL ELS* hardloop stokou rekord aan flarde

Image: Cecilia van Bers/ Athletics SA

Emil Els (graad 11) het onlangs die wêreld laat regop sit met sy prestasie in die 800 m vir seuns o.18 tydens die AGN Kampioenskap op Pilditch. Met Tiisetso Malungana van Curro Hazeldean kort op sy hakke, het hy geskiedenis gemaak deur die vinnigste tyd ooit (1:46,52) vir die 800 m in dié ouderdomsgroep op te stel. Hierdie rekord het vir 27 jaar gestaan en is volgens *worldatletics.org* een van die 100 vinnigste tye wat tot dusver in 2026 aangeteken is.